# Puik Brahmane al 50 jaar




**Die Brahman-stoetery Loriza is in 1967 geregistreer en spog met 53 jaar se teling van puik Brahmane, danksy klem op saggeaardheid, vrugbaarheid en melkproduksie wat groei verseker.**

Brahmane kan op byna enige plek aanpas en gedy, sê mnr. Louis Meyer sr., die hoof van Loriza-Brahmane op die plaas Nietverdiend in Noordwes.

"Hoewel ons ook kommersieel met Brahmane boer, bestuur ons die geregistreerde Brahman-kudde op 'n praktiese grondslag. Só kan ons vir onsself en elke ander kommersiële vleisprodusent teelmateriaal van hoë gehalte teen 'n groter wins verskaf."

Dit is hoekom die teelbeleid klem plaas op saggeaardheid, vrugbaarheid en melkproduksie ter wille van groei. Sowel die stoet- as kommersiële diere wei op natuurlike weiding, wat grootliks uit suurveld en 'n bietjie soetveld bestaan. Die kommersiële beeste benut net minimaal oesreste, terwyl die stoetbeeste slegs toegang tot veld het. Die lekke word seisoenaal volgens die beskikbare weiding aangepas.

Stoetdiere word op die jaarlikse produksieveiling en uit die hand as teeldiere verkoop.

Kommersiële vroulike diere word ook vir teling verkoop, maar die kommersiële bulle word afgerond en as slagosse verkoop. Sowat honderd bulle word op die produksieveiling aangebied, wat gewoonlik op die laaste Vrydag van Mei plaasvind. Vanjaar se veilingsdatum is weens die Covid-19-pandemie tot 16 Oktober op Lichtenburg se skouterrein verskuif.

Nog bloedlyne word van Amerikaanse kuddes bygevoeg, soos JDH van die Hudgins-familie van Texas, Amerika.

"Wat die Loriza-kudde uitsonderlik maak, is die aanpasbaarheid van die beeste om in alle toestande te presteer. 'n Brahman van Loriza sal gevolglik vir sy eienaar wins verseker teen lae koste," sê hy.

Die beesboerdery is in die harde, droë bosveld van Suid-Afrika, waar dit moeilik is om siektes en roofdiere te bestry, terwyl hartwater, rooiwater en galsiekte voorkom.

Hulle kry 350-400 mm reën per jaar, maar in sommige jare minder. Die Brahmane bewys dan hul gehardheid deur steeds 'n goeie kondisie te behou.

"'n Brahman van Loriza kan in enige gebied aard en floreer," sê Meyer.

Hulle voer ook Brahmane uit na onder meer Tanzanië, Botswana, Namibië, Mosambiek en Zimbabwe.

Die vrugbaarheid van die Loriza-kudde is ver bo die rasgemiddelde. Alle bulle word vir vrugbaarheid getoets voordat hulle bemark word. ▸

## PAD NA SUKSES

Die Loriza-kudde het in 1960 ontstaan toe drie Stuart-verse en 'n Hudgins-bul vanuit Texas, Amerika, ingevoer is. Nóg drie verse is in 1965 uit Howard Parker se bekende V8-kudde bygevoeg. In 1969 het 'n topklasbul uit die Sugarland-kudde ook by Loriza aangesluit.

Danksy prestasietoetsing is hierdie genetiese grondslag saamgesnoer in 'n voorspelbare kudde met vrugbaarheid, melk, aanpasbaarheid en geharde diere met 'n goeie temperament.

Sedert 1978 is meer as 33 000 kalwers deur fase A en B aan prestasietoetsing onderwerp. Meer as 4 000 bulle het fase D-toetse ondergaan.

"Die Loriza-kudde het al die depressies in die lewendehawesiklus oorleef omdat ons 'n deurlopende teelbeleid sonder fieterjasies het. Seleksie op grond van prestasie is ons pad na sukses. Dit het tot 'n proses van voortgesette verbetering gelei. Loriza sal voortgaan om kommersiële en stoettelers van uitstekende teelmateriaal te voorsien deur noukeurige seleksie, 'n streng uitskotbeleid en volgehoue prestasietoetsing," sê Meyer.



Seleksie op grond van prestasie vorm die kern van Loriza-Brahmane se sukses.